

A.G.P. van der Walt

DEUG EN ONDEUG BY HIERONYMUS

1 Inleiding

Dit is bekend dat Hieronymus tydens sy tweede verblyf in Rome (382 tot 385) 'n aantal vroulike studente onderrig het in die uitlê van die Bybel en in die eise van die asketiese lewe. Na sy vertrek uit Rome in 385 het hy deur middel van briefwisseling in voeling met hierdie vroue gebly en sy onderrig op dié wyse voortgesit. Hy het ook vanuit Bethlehem korrespondensie met 'n aantal mans gevoer aan wie hy in breë trekke dieselfde riglyne vir die Christelike lewe gegee het.

In hierdie artikel val die soeklig op slegs een faset van Hieronymus se onderrig aan hierdie mans en vroue, naamlik sy beskouing oor deug en ondeug. Hiermee word egter die kern van sy etiek aangeraak waarmee hy, soos hy uitdruklik aan die weduwe Furia sê, antwoord wil gee op die vraag: "Hoe behoort 'n Christen te lewe?" (*Ep.* 54.2). Uiteraard is die riglyne wat hy bied, vir alle Christene van waarde, en nie net vir diegene wat die afsonderingslewe in die oog het nie. Aangesien hy nie 'n afsonderlike werk oor die Christelike etiek geskryf het nie, moet sy gedagtes hieroor veral uit sy Briewe en Bybelkommentare, asook enkele polemiese werke gerekonstrueer word.

2 Basiese uitgangspunte

As basis van die etiese onderrig stel Hieronymus enkele kardinale uitgangspunte vas. Die grondstelling is dat die siel van die mens 'n posisie tussen die deugde en die ondeugde beklee (*Comm. in Abdiam*, PL 25, 1109). Wat hiermee gesê word, is dat die mens die vermoë, maar ook die verantwoordelikheid het, om tussen goed en kwaad, tussen deug en ondeug, te kies: *In nostro consistit arbitrio bonum malumve eligere* (*Comm. in Is.*, PL 24, 551). 'n Sedelik-goeie lewenshouding en -wandel berus dus by die wilsbesluit (*animi voluntas*) van die mens. Aangesien die mens se wil egter deur die sonde bederf is, is alle menslike handele onrein voor God. (*Ep.* 125.7). Die mens, ook die Christen, is immers geneig om eerder die slegte as die goeie, eerder die ondeug as die deug te soek, en eerder Epicurus as Christus, eerder Jovianus as die apostel Paulus na te volg (*Adv. Iovin.*, 2.36).

Die tweede basiese stelling is dat onkundigheid en onervarenheid meermale die oorsaak van die verkeerde etiese keuse en daarom van 'n ondeugsame lewe is (*Ep.* 96.14). Dit is derhalwe noodsaaklik vir die Christelike lewenswandel dat die deug onderrig en aangeleer moet word: *virtus ergo discenda est, nec naturae tantum bonum sufficit ad iustitiam, nisi quis erudiatur congruis disciplinis* (*Comm. in Is.*, PL 24, 36). Om te voorkom dat 'n insinking in die deugsame lewenswandel ontstaan, moet die etiese onderrig voortdurend plaasvind (*Comm in Ezech.*, PL 25, 40).

By die kennis van die deug moet egter ook die beoefening van die deug kom. Die wil tot die goeie (*animi concupiscentia*) is nie voldoende nie; dit moet opgevolg word deur die goeie daad (*carnis opus*); in Bybelse terme kom dit daarop neer dat die mens sy hart moet bewaak (*cor custodire*) (*Comm in Ep. ad Titum*, PL 26, 614 en 618).

3 Ansluiting by die Stoïsynse etiek

3.1 Inleiding

As skolier en student aan verskeie tradisionele Romeinse skole het Hieronymus 'n wye kennis opgedoen van die Klassieke Latynse literatuur. Volgens sy eie getuigenis het hy vir die werke van Cicero en Seneca 'n besonder hoë agting en voorliefde gehad (*Comm. in Ezech.*, PL 25, 23; *Adv. Iovin.*, 1.49). Dit wek dus geen verwondering nie dat hy in sy etiese onderrig aangeknoop het by die Stoïsynse etiek soos dit deur dié outeurs uiteengesit is. Hieronymus regverdig hierdie optrede deur daarop te wys dat die Stoïsynse gedagtes in talle opsigte (*in plerisque*) met die Christelike leer ooreenstem (*nostro dogmati concordant*) (*Comm. in Is.*, PL 24, 147).

3.2 Die kardinale deugde en ondeugde

Meer as een keer prys Hieronymus die beoefening van die viertal kardinale deugde (*prudentia, iustitia, fortitudo* en *temperantia*) by Christene aan. Hy skryf byvoorbeeld aan die monnik Nepotianus dat 'n lewenswandel in ooreenstemming met die vier deugde vir die Here welgevallig is: "Wil jy weet watter versierings die Here vereis? Jy moet wysheid, geregtigheid, selfbeheersing en dapperheid hê. Jy moet deur hierdie hemelstreke omsluit word; laat hierdie vierspan jou, die menner van Christus, op volle vaart na die wenpaal dra" (*Ep.* 52.13). Op 'n ander geleentheid toon hy aan hoedat die kardinale deugde in 'n

Christelike huisgesin gestalte gekry het. Dit is die huisgesin van die weduwe Paula, haar twee dogters, Eustochium en Paulina, en haar skoonseun Pammachius. Elke lid van die gesin vertoon besonderlik een van die deugde: die skoonseun besit wysheid, Paula besit geregtigheid, Eustochium dapperheid en Paulina selfbeheersing. Pammachius se *prudentia* bestaan in navolging van Christus; Paula se *iustitia* kan daarin gesien word dat sy, deur haar besittings onder haar kinders te verdeel, rykdom gering geag het en aangetoon het wat 'n Christen behoort lief te hê; Eustochium het bewys gelever dat sy die deug van *fortitudo* in hoë mate besit deurdat sy in die maagdelike staat volhard het ten spyte van al die verleidelikhede van die stad; die getroude Paulina se *temperantia* word gesien in haar eerbare huwelikslewe (*Ep.* 66.3).

Om korrekte kennis van die deugde by die Christene in te skerp, wys Hieronymus ook op die direk-teenoorgestelde ondeugde. Teenoor *prudentia* staan *stultitia* (dwaasheid); *iniquitas* (onbillikheid) is die teenoorgestelde van *iustitia*; *luxuria* (oordaad) staan teenoor *temperantia*; en *formido* (vreesagtigheid) is die teëhanger van *fortitudo* (*Comm. in Naum, PL* 25, 1256).

Terwyl Hieronymus in sy etiese onderrig soveel klem lê op die deug, is dit van groot belang dat hy die deug voorstel, nie net as 'n wapen waarmee die Christen die stryd van die lewe kan aandurf nie (*ibid.*), maar ook as 'n krag wat in staat is om die ondeugde te oorwin (*Ep.* 125.14). Net soos by die Stoïsyne, is die deugde by hom ook die middel waardeur geluk en voorspoed verwerf word (*Comm. in Eccles., PL* 23, 1117).

3.3 Die *indifferentia*

'n Ander tipiese element van die Stoïsyne etiek waarby hy aanknoop, is die leer van die *indifferentia*, dit wil sê dié dinge wat nóg as goed, nóg as kwaad beskou word. Hieronder noem hy rykdom en armoede, gesondheid en siekte, oorvloed en gebrek (*Comm. in Is., PL* 24, 147). Volgens hom kan die Christen met vrug aan hierdie leerstelling aandag gee omdat die Christelike lewe nie in uitwendige dinge behoort op te gaan nie: "Die soldaat van Christus se dunk van homself word nie deur lofbetuiging vergroot nie, hy knak ook nie onder berisping nie; hy is nie opgeblase vanweë rykdom nie, en nie beangs weens armoede nie; hy ag sowel vrolikheid as somberheid gering." Op ietwat geforseerde wyse vind hy Bybelse begroning hiervoor in Psalm 121 vers 6: "Die son sal jou bedags nie steek nie, die maan ook nie by nag nie" (*Ep.* 52.13).

3.4 Die *perturbationes animi*

Hieronymus sluit ook aan by die Stoïsynse beskouing oor emosies (*affectus* of *perturbationes animi* (*Comm. in Ezech.*, PL 25, 23), hoewel hy tog in belangrike opsigte van Cicero verskil. Die volmaakte wyse man van die Stoïsynse behoort geen emosie te ervaar nie. Daarteenoor sê Hieronymus: “Wie is in staat om nie uitgelate van vreugde te wees nie, nie van droefheid ineen te krimp nie, nie deur hoop opgebeur te word nie, nie van vrees terug te deins nie?” (*Ep.* 133.1). Die mens kan wel sy emosies bedwing en beheer, maar hy kan dit nie ten volle uitskakel nie (*Ep.* 130.13). Die *apatheia* waarna die Stoïsynse streef, is vir Hieronymus dieselfde as om die mens sy menswees te ontnem: *Hoc est enim hominem ex homine tollere* (*Ep.* 133.1). Saam met die Stoa lê hy die klem op die menslike rede (*ratio*) en die beoefening van deugde as middele waardeur die emosies beheer kan word, maar erken hierin tog ook die mag van God (*Comm. in Ezech.*, PL 25, 23).

3.5 Die sintuie

Die sintuie neem in die hele opset van Hieronymus se etiese onderrig 'n baie belangrike posisie in. Soos die stadspoorte die swakplek in die verdediging van 'n stad is, so is die sintuie die gevaarpunt in die mens se etiese mondering: “Die ondeugde se ingang na die siel is deur die vyf sintuie, soos deur vensters. Die stad en vesting van die gees kan nie ingeneem word nie, tensy die vyandelike leër dit deur sy poorte binneval” (*Adv. Iovin.*, 2.8). In sy daaglikse lewenswandel moet die Christen dus gedurig 'n wag voor die poorte van sy sintuie plaas (*Comm. in Ezech.*, PL 25, 189).

3.6 Die *summum bonum*

Die *summum bonum* is die hoogste ideaal waarna die Stoïsynse streef. Dit is die absolute goeie waarin geen kwaad is nie en wat feitlik slegs deur die geïdealiseerde *sapiens* bereik kan word. Die begrip *summum bonum* is 'n komplekse begrip wat nie in 'n enkele woord gedefinieer kan word nie. Dit kan bestaan in die volle besit van deugszaamheid (*virtus*), in die volkome beheersing van die hartstogte (*apatheia*), in volmaakte kalmte te midde van alle moontlike uitwendige omstandighede (*tranquillitas animi*), en in die ervaring van volkome aardse geluk (*vita beata*). Hieronymus se siening van die *summum bonum* sluit in hooftrekke hierby aan, hoewel hy dit tog meer by die Christelike geloof

aanknoop. Vir hom bestaan dit dan allereers in die gelykwees aan God: "Die absolute goeie is om aan God gelyk te wees" (*Comm. in Ep. ad Philem.*, PL 26, 649). Ook die gedagte dat die *summum bonum* in die volkome navolging van die *virtus* bestaan, word met Christelike inhoud gevul as hy aan Pammachius skryf dat Christus die Deug en Wysheid van God is (*Ep.* 66.3). Die *imitatio Christi* is dus die hoogste goed vir die Christen. Hy wat die *Virtus Dei* navolg, het deel aan die *Sapientia Dei* en is gevolglik ook 'n *sapiens*.

3.7 Die kenmerke van die deugde

Wat die kenmerke van die deugde betref, sluit Hieronymus aan die een kant weer eens by die Stoïsynse gedagterigting aan, terwyl hy aan die ander kant tog ook Christelike gedagtes daarby inkorporeer. So byvoorbeeld is die gedagte dat die deugde 'n eenheid vorm, sowel Stoïsyns as Bybels. Wie een deug besit, besit almal, en wie in een opsig tekortskiet, skiet in alle opsigte tekort (*Comm. in Is.*, PL 24, 538).

'n Tweede kenmerk van die deugde is hul universele karakter. Dit is nie beperk tot een spesifieke geslag nie, maar moet deur sowel mans as vroue beoefen word. Die deugde word immers nie volgens geslag (*sexu*) nie, maar volgens gesindheid (*animo*) beoordeel (*Ep.* 127.5 en 77.3). Verder is die deugde omvattend in dié sin dat dit nie tot 'n sekere leeftyd-fase beperk is nie, maar in elke ouderdom nagejaag moet word. Sowel in die jeug (*adolescentia*) as in die ouderdom (*senecta*) moet erns daarmee gemaak word (*Comm. in Eccles.*, PL 23, 1159).

Saam met die Stoïsynse stel Hieronymus dit dat die deug altyd sedelik-goed is (*Comm. in Is.*, PL 24, 147), en dat dit ten nouste saamhang met matigheid op alle lewensterreine (*Ep.* 108.20 en 130.11).

4 Deugde en ondeugde eie aan die Christen

4.1 Deugde

Hoewel Hieronymus waardering het vir die kardinale deugde van die Stoïsynse en dit inderdaad ook vir die Christelike lewe sterk aanbeveel, heg hy tog veel meer waarde aan die Bybelse deugde. Dit is immers laasgenoemde wat die deugsame Christen van die deugsame Stoïsyn onderskei omdat hulle aan die Christendom eie is en in die meeste gevalle selfs direk teenoor die Stoïsynse deugdeleer staan.

Deurdad hy liefde (*caritas*) as die primêre Christelike deug aanwys, neem Hieronymus 'n volkome Bybelse standpunt in. Sy stelling: "Die liefde is die moeder van alle deugde" (*Ep.* 82.11), is ten volle in ooreenstemming met die liefdesgebod van Christus, en met die uitspraak van Paulus in 1 Kor. 13 vers 13: "En nou bly geloof, hoop, liefde — hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde." Al die deugde van die Christen vloeï uit die liefde voort. Hieronymus stel dit baie sterk as hy sê dat die ander deugde sonder die liefde selfs nie eens as deugde gereken kan word nie (*Comm. in Ep. ad Galat., PL* 26, 446). Siende dat liefde 'n sielsaffek of emosie is, staan die deugsame Christen dus ver verwyderd van die Stoïsynse *sapiens*.

Op nederigheid (*humilitas*) as eie deug van die Christen, lê hy ook besonder sterk nadruk. Soms lyk dit of hy dit selfs hoër stel as *caritas* as hy praat van "nederigheid, wat miskien die vernaamste van die deugde is" (*Comm. in Mich., PL* 25, 1152), of as hy dit "die eerste deug van die Christene" noem (*Ep.* 108.15). Die rede waarom hy soveel waarde aan *humilitas* heg, is wel duidelik. Nie net onderskei dit die deugsame Christen van die arrogante wyse man van die Stoïsynse nie (*Comm. in Ev. Matth., PL* 26, 150), maar daar is ook 'n geestelike beloning aan nederigheid verbonde: dit word sonder uitsondering deur eer (*gloria*) gevolg (*Comm. in Is., PL* 24, 212). Dit wil dus voorkom of daar in Hieronymus se beskouing oor die Christelike *humilitas* 'n tikkie geestelike hoogmoed opgesluit lê, veral as hy homself bestempel as iemand wat van kindsbeen af 'n toonbeeld van nederigheid was (*Ep.* 76.1). Vir die beoefening van *humilitas* is die *imitatio Christi* van groot belang aangesien Christus die volmaakte voorbeeld van nederigheid gestel het (*Ep.* 61.1).

Nog 'n deug wat eie aan die Christendom is, is dankbaarheid teenoor die Skepper, selfs te midde van ellende en gevare (*Comm. in Ep. ad Ephes., PL* 26, 562). Om dankbaar en erkentlik teenoor God te wees, is 'n eie deug van die Christen, want dit staan direk teenoor die onafhanklikheid en selfgenoegsaamheid van die Stoïsynse *sapiens*.

4.2 Ondeugde

Net soos die deugde 'n teoretiese en praktiese kant het, word by die ondeugde ook onderskei tussen die inwendige neiging en die uitwendige daad. Die ondeug in die hart van die mens kan dus nooit verborge bly nie, want 'n ondeugsame mens word uitgeken aan sy deugdelose

handele (*Ep.* 108.19).

Benewens die *vitia* wat direk teenoor die vier kardinale Stoïsynse deugde staan, waarsku Hieronymus die Christen ook teen enkele ondeugde wat nie noodwendig deur die Stoa as ondeugde beskou word nie. Bo-aan sy lys staan ydele eer (*inanis gloria*). Die jongmeisie Eustochium word uitdruklik hierteen gewaarsku: “Jy moet die gevaar om deur die sug na ydele eer beetgepak te word, met groot omsigtigheid vermy” (*Ep.* 22.27). Die bekoring van hierdie ondeug is só groot dat daar inderdaad min mense is wat niks uit roemsug doen nie, en wat slegs met die beoordeeling van God tevrede is (*Dial. con. Lucif.*, 2). ’n Ondeug wat noue verwantskap hiermee het, is hoogmoed (*superbia* of *arrogantia*). Die appél van hierdie ondeug is eweneens onweerstaanbaar, sodat Hieronymus by geleentheid sê dat ’n mens goud makliker kan ontbeer as hoogmoed (*Ep.* 73.2). Hoogmoed is in elk geval ’n uiters gevaarlike ondeug omdat dit altyd tot ’n val lei (*Comm. in Is.*, *PL* 24, 212).

Die Christen wat na ’n sedelik-goeie lewenswandel streef, moet ook besonderlik waak teen die ondeug van hebsug (*avaritia*). Eustochium word nie net uitdruklik teen hierdie bron van alle euwels gewaarsku nie, maar ook op talle voorbeelde in die Bybel gewys wat leer dat die Christen hierdie sonde moet vermy (*Ep.* 22.31 en 32). Indien die Christen onderskeie van die wêreldling wil leef, moet hy ook stry teen die ondeug van toorn omdat hy wat kwaad word, geen aanduiding gee dat hy ’n Christen is nie (*Ep.* 38.1). Toorn is immers nie maar net ’n onskuldige algemeen-menslike emosie nie (*Ep.* 12.1), maar is altyd gekoppel aan hoogmoed en maak van ’n wyse man ’n dwaas (*Comm. in Eccles.*, *PL* 23, 1117).

5 Die praktyk van die deugsame lewe

As ervare leermeester wil Hieronymus nie net kennis van die deugde by sy studente tuisbring nie, maar hy wil hulle ook leer hoe die deugde bewaar en uitgeleef moet word.

Die basis van die deugsame lewenswandel lê vir hom in die regte wilsinstelling. Dit is binne die mens se vermoë (*in potestate nostra est*) om volmaak te wil wees (*utrum velimus esse perfecti*) (*Comm. in Ev. Matth.*, *PL* 26, 142). Niks kan immers goed wees wat nie uit vrye wil gedoen word nie (*Comm. in Ep. ad Philem.* *PL* 26, 649).

Wanneer die wil tot deugsamheid aanwesig is, moet dit deur die deug-

same daad opgevolg word. Die eerste daad is dié van ontsegging. Ingetoënheid (*continentia*) is die fondament van die deugsame lewenswandel; dit beskut en beskerm al die deugde (*Adv. Iovin.*, 1.38). Die ontsegging van voedsel het in hierdie verband besondere waarde: "Vas is nie die volmaakte deug nie, maar dit is die fondament van ander deugde" (*Ep.* 130.11). Wanneer die basis vir die deugsame lewe reg gelê is, kan tot verdere deugdelike dae, wat in ooreenstemming met die deugde moet wees, oorgegaan word.

Die realisering van die deugsame lewe val uiteen in 'n negatiewe en positiewe aspek. Die negatiewe deugsame daad bestaan in die afwyking van die kwaad, in die vermyding van die ondeug, terwyl die positiewe deugsame daad in die nastrewing van die goeie bestaan: "Veel eerder moet ons die goeie doen, sodat ons van die kwaad kan afwyk" (*Ep.* 125.15). Dit moet egter nie gesien word as twee losstaande dae nie, maar eerder as twee aspekte van een en dieselfde daad: "Laat ons die ondeugde oorwin deur liefde vir die deugde. As ons die kwaad nie haat nie, kan ons die goeie nie Ilefthê nie" (*ibid.*).

Omdat die deugde 'n kosbare besitting is (*Ep.* 52.13), moet dit met volgehoue ywer en inspanning bewaar word. Dit is immers die Christen se toebedeelde taak (*portio*) om hier op aarde moeite te doen ten behoeve van die deugde (*pro virtutibus laborare*) (*Comm. in Eccles.*, PL 23, 1082). Hieronymus wil sy leerlinge nie onder 'n valse indruk bring nie. Hy ken die praktyk van die lewe, en hy weet dat dit nie maklik is om in die Christelike lewe te volhard nie. Daar is naamlik 'n vyandelike mag wat die Christen gedurigdeur aanval om hom van sy kosbare besitting te beroof (*Adv. Iovin.*, 2.8). Daarom is die deugsame Christelike lewe 'n voortdurende stryd om behoud van die deugde (*Dial. con. Pelag.*, 2.5). Geen lewensfase mag sonder hierdie stryd wees nie; dit moet selfs tot in die rype ouderdom voortgesit word (*Comm. in Eccles.*, PL 23, 1159). Slegs langs die weg van inspanning (*labor*) en stryd (*certamen*) kan die deugde bevestig en die Christelike lewe gerealiseer word.

6 Konklusie

Hieronymus se siening van deug en ondeug bied nie 'n afgeronde en sistematiese deugdeleer nie. Dit is baie duidelik dat die Christelike etiek by Hieronymus nog in sy kinderskoene staan, en dat dié Kerkvader nog maar pas begin soek het na 'n eie Christelike vorm en inhoud vir die Christelike lewe. As 'n egte kind van sy tyd is hy nog sterk onder die

invloed van die diepgewortelde Stoïsynse deugdeleer. Tesame met Augustinus was hy sekerlik daarvoor verantwoordelik dat die Christendom nog vir eeue verknog gebly het aan die Stoïsynse etiek, soos onder andere baie duidelik blyk uit die vroeg-negende-eeuse werkie van Alcuinus, *De arte rhetorica et virtutibus* waarin die vier kardinale deugde van die Stoïsynse, weliswaar met 'n Christelike vernis, nog 'n prominente rol speel.

Aan die kredietkant moet egter opgemerk word dat Hieronymus sy etiek nie uitsluitlik op Stoïsynse model gebou het nie. Teenoor die oorwegend negatiewe etiek van Tertullianus, wat eerder ingestel was op "moenies", het hy op positiewe wyse probeer aantoon wat die Christen behoort te doen. In hierdie opsig is dit opvallend dat hy ernstig soek na Bybelse begroning vir die Christelike lewe. Dat talle uitsprake oor die Christelike lewe in die algemeen, en oor deug en ondeug in die besonder, juis in sy Bybelkommentare gevind word, wek dus geen verwondering nie. Hieronymus se Skrifverklaring hou nie altyd steek nie, en sy toepassing van Skrifgegewens is soms baie geforseerd, maar hy het wel die pad wat gevolg moet word, aangewys: die Bybel moet die grondslag wees van die Christelike etiek. Met hierdie bevinding in gedagte, kan daar dus tog veel waardering wees vir Hieronymus se baanbrekerswerk.

Werke van Hieronymus waarna verwys is

Epistolae. PL 22, 325 - 1244.

Dialogus contra Luciferianos. PL 23, 163 - 192.

Adversus Iovinianum libri II. PL 23, 211 - 352.

Dialogus contra Pelagianos. PL 23, 517 - 618.

Commentarius in Ecclesiasten. PL 23, 1061 - 1174.

Commentariorum in Isaiam prophetam libri XVIII. PL 24, 17 - 678.

Commentariorum in Ezechielem prophetam libri XIV. PL 25, 15 - 490.

Commentariorum in Abdiam prophetam liber. PL 25, 1097 - 1118.

Commentariorum in Michaem prophetam libri II. PL 25, 1151 - 1230.

Commentariorum in Naum prophetam liber. PL 25, 1231 - 1272.

Commentariorum in Evangelium Matthaei libri IV. PL 26, 15 - 228.

Commentariorum in Epistolam ad Galatas libri III. PL 26, 331 - 468.

Commentariorum in Epistolam ad Ephesios libri III. PL 26, 467 - 590.

Commentariorum in Epistolam ad Titum liber. PL 26, 589 - 636.

Commentariorum in Epistolam ad Philemonem liber. PL 26, 635 - 656.